***Die leer van die werksaamheid, oftewel, "die nagpredikasie"***

**221** (**Die Meester JaHshua**:) **"**As iemand te voet `n lang pad afgelê het en uiteindelik`n herberg bereik, dan sal hy, as hy nie direk bed toe gaan nie, maar eers `n bietjie rondbeweeg en die volgende môre al voor sonop op die been is, die hele dag geen moegheid bespeur nie, en hoe langer hy sy reis op hierdie manier voortsit, des te minder sal hy daardeur vermoei raak.

[2] Maar as iemand wat net so vermoei is van `n dagreis, in `n herberg aankom, dadelik op `n bed neerval en eers die volgende middag opstaan, dan sal hy sy verdere reis voortsit met stywe voete, en met `n algeheel verwarde kop en na `n rukkie se loop sal hy so moeg wees dat hy vurig verlang na rus, en dit kan selfs gebeur dat hy langs die pad bly lê en doodgaan, as hy desnoods geen hulp kry nie.

[3] Hoe gebeur dit? Deur sy eie te groot neiging om te rus, en die daaraan verbonde waan dat rus die mens sou versterk.

[4] As iemand in die een of ander kuns, waarvoor `n besondere vaardigheid van hande en vingers vereis word, `n groot en verbasingwekkende bekwaamheid wil bereik, dan vra Ek julle: sal hy dit ooit bereik as hy in plaas van elke dag voortdurend vlytig te oefen, sy hande en vingers in sy sakke steek, en dag in dag uitloop en niksdoen, omdat hy bang is dat hy deur die vermoeienis van sy vingers en hande dit te styf en ongeskik sou maak vir die nagestreefde kunstenaarskap?

[5] Waarlik, Ek sou Self, ondanks My grenslose wysheid, nie kan voorspel, wanneer so `n leerling `n virtuoos in die kuns sou word nie! Daarom, liewe vriende en broers, sê Ek nogmaals aan julle:

[6] Slegs voortdurende werksaamheid vir die algemene welsyn van die mensdom is goed! Want alle lewe is `n vrug van die voortdurende en onvermoeide werksaamheid van Elohim, en kan daarom slegs deur ware werksaamheid in stand gehou word, en vir die ewigheid bewaar bly, **terwyl uit die niksdoen slegs maar die dood tevoorskyn kom en moet kom**.

[7] Lê julle hande op julle hart en besef hoe dit onafgebroke, dag en nag, werksaam is! Alleen van hierdie werksaamheid hang die lewe van die liggaam af; as die hart egter eenmaal tot stilstand kom, is dit - sou Ek dink - met die natuurlike lewe verby!

[8] As egter die rus van die liggaamlike hart duidelik die dood van die liggaam is, so is dan ook die vergelykbare **rus van die hart van die siel die dood van die siel!**

[9] **Die hart van die siel heet egter "liefde"** en die hartklop van hierdie hart betoon homself in ware, ten volle daadwerklike liefde.

[10] Die voortdurende uit-liefde-optree is derhalwe die altyd onvermoeide hartslag van die siel. Hoe vlytiger die hart van die siel pols, des te meer lewe word daar in die siel opgewek, en as daardeur `n voldoende hoë graad van lewe in die siel opgewek is, sodanig dat dit die goddelike, allerhoogste lewensgraad ewenaar, **dan wek dit die lewe van die Elohim-gees in homself.**

[11] Hierdie gees - wat suiwer lewe is, omdat dit die onvermoeide, hoogste werksaamheid self is - vloei dan in die aan hom deur die werk van die liefde gelyk geworde siel in, en dan het die ewige, onvernietigbare lewe in die siel volledig begin!

[12] **En kyk, dit is alles die gevolg van werksaamheid,** maar nooit van luie rus nie!

[13] Ontvlug daarom aan die rus, en soek die volle werksaamheid op, en jou loon sal die Ewige Lewe wees!

[14] Moet veral nie glo dat Ek gekom het om aan die mense van die aarde vrede en rus te bring nie; o nee, maar wel die swaard en die oorlog!

[15] Want die mense moet deur nood en allerlei teenspoed aangemoedig word tot werksaamheid, omdat hulle anders trae, gemeste osse sou word wat hulleself vetmes as voer vir die ewige dood!

[16] Ook veroorsaak nood en teenspoed in die mens die een gistingsproses na die ander, waaruit hyself op die duur tog iets geesteliks kan ontwikkel.

[17] Natuurlik kan mens sê: "Deur nood en teenspoed ontstaan egter ook toorn, wraak, moord en doodslag en afguns, hardvogtigheid en vervolging!" Dit is wel waar; maar hoe erg al hierdie sake ook mag wees vanweë dit wat daaruit kan voortspruit, is dit tóg nog beter as luie rus, wat die dood is, en nòg iets goeds nòg iets slegs tot gevolg het.

[18] Daarom sê Ek vir julle: loop warm vir My, of bly koud vir My; **want iemand wat lou is, het vir My geen waarde nie!**

[19] `n Aktiewe vyand is vir My beter as `n lou vriend; want die aktiewe vyand noop My om so aktief moontlik te wees, sodat Ek hom kan oorwin of die goeie weg laat inslaan om hom vir altyd onskadelik vir My te maak; **by `n lou vriend egter word Ek Self lou**, en sal Ek niks aan die lou vriend hê as Ek in die nood raak nie!

[20] `n Lou regeerder is daarom ook `n plaag vir sy volk; want daardeur verrot die gees van die volk en die mense verword tot regte gemeste osse en pakesels! Maar `n sterk, en selfs tirannieke, regeerder maak die volk lewendig en almal is so aktief moontlik, al is dit om maar net straf vry te spring; en as die tiran te erg word, dan sal die volk hulleself ten slotte in groot getalle oprig en hulleself van hul kwelgees bevry.

[21] Ek glo dat Ek nou voldoende oor die waarde van werksaamheid gepraat het, en Ek is daarvan oortuig dat julle die les goed verstaan het. Dus, as iemand wil en voel dat sy liggaam slaap nodig het, laat hom dan `n bed opsoek; wie egter gedurende die nag saam met My wil waak, die bly hier!" Daarop sê almal: **"**Meester, hoe sou ons kon slaap as U waak?! - Net moeder Mirjam skyn liggaamsrus nodig te hê, dus kan U vir haar wel sê dat sy moet gaan slaap."

[22] Maar hoewel **Mirjam** agter My in `n leunstoel bietjie ingesluimer het, hoor sy tog wat daar gesê word. Sy gaan regop sit en sê in alle vriendelikheid aan die spreker:

"Vriend, ek sê vir jou, omdat jy meestal die woordvoerder vir al jou medeleerlinge is, dat jou besorgdheid oor my `n bietjie oorbodig is; want jy moet weet, ek het uit liefde vir my Meester al `n paar honderd slapelose nagte gewaak en ek leef nog steeds - en as dit Sy wil is, sal ek weer net so veel waak en my lewe nie verloor nie! Julle hoef dus maar geen sorge oor my te hê nie; dit is voldoende as daar Een is wat aan my dink!"

[23] Die woorde was egter tot Thomas gerig. Hy gaan na Mirjam en vra haar om sy goeie bedoeling nie onvriendelik op te neem nie. Maar Mirjam stel hom gerus en is baie vriendelik vanweë sy besorgdheid oor haar en dit word vir Thomas weer ligter om die hart, sodat hy weldra weer heeltemal gerusgestel na sy plek toe gaan.

[24] Toe bly hulle `n rukkie stil. Niemand sê iets nie; want hulle dink almal nou diep daaroor na en die waarheid van dit wat Ek gesê het, word al duideliker en helderder vir hulle.

[25] Net **Matthéüs** sê na `n rukkie vir homself: "Môre, teen dagbreek, word die leer van die werksaamheid en die rus so deeglik as wat moontlik is opgeskryf op `n blad wat spesifiek vir hierdie lering bestem is; want hierdie buitengewoon belangrike leer mag vir al die goud in die wêreld nie verlore gaan nie!" En toe, nie lank na dagbreek nie, hou Matthéüs ook sy woord; en die lering het ook nog lank bewaar gebly en is deur JonaEl en Jaïrus ook na Samaria saamgeneem, maar met die loop van tyd is dit baie vermink en het daarom ook verlore gegaan. Solank dit egter nog in omloop was, het dit onder die volk gesirkuleer onder die naam "die nagpredikasie."

### *Die vyf fariseërs uit Bethlehem was die voete van die Meester*

**222** Die volgende môre kom die vyf fariseërs na My toe, groet My en My leerlinge op hulle manier baie hoflik en betoon My nog `n groot eer deur My te vra of Ek hulle waardig vind om My voete te was.

[2] Want dit was in Bethlehem nog `n ou gebruik om iemand te eer deur die voetwassing; die gasheer was die voete van sy gaste, of die vernaamste van die gaste was op sy beurt as eerbewys die volgende môre die voete van die gasheer. Daarom laat Ek dan ook die vyf fariseërs uit Bethlehem My voete was en afdroog.

[3] Pas na hierdie handeling, vra **die vyf fariseërs** My: "Waarlik, onbegryplike groot Meester! Vertel ons tog `n bietjie oor die manier waarop die krag werk waarmee U dergelike, ongehoorde genesings teweegbring! Dat U dit - in die algemeen gesproke - duidelik deur die krag van Elohim doen, ly geen twyfel nie, en hoe dit boonop so ongehoord volmaak kan gebeur, dit is nog `n vraag. Slegs daaroor - as U ons daartoe waardig ag - sou ons iets meer wil weet en dan sal ons baie tevrede, en U ewig dankbaar blywend, weer die terugweg na Bethlehem aanpak."

[4] **Ek** sê: "Al sou Ek dit vir u wou sê, dan sou u dit tog nie aanneem nie; want julle oë is netsoos dié van Moses drievoudig versluier sodat julle nie kan raaksien wie Hy is Wie nou met julle praat nie! As u Hom sou geken het, dan sou u so `n vraag nooit gestel het nie; maar omdat u Hom nie ken nie, daarom vra u soos wat u vra!

[5] En as Ek u `n regte antwoord sou gee, dan sou u dit tog nie aanvaar nie. Want u sien wel diegene wat hulleself in die stoflike wêreld bevind en wat daar gebeur, maar wat die gees en sy ryk en werk aanbetref, dit is vir u vreemd en u kan daarom ook nie begryp en aanvoel wat die wese en werk **van die Ryk van Elohim in die mens is nie.**

[6] Maar gaan heen en doen boete vir al u baie sondes, dan sal u merk dat die ryk van Elohim naby aan u gekom het.

[7] Het Elohim met al jou krag lief en aanbid Hom in gees en in waarheid; maar hê ook jou naaste arme broers en susters lief; moenie jou vyande vervolg nie; vervloek nie diegene wat u vervloek nie en doen diegene wat u kwaad aandoen, goed, dan sal u gloeiende kole op hulle hoofde hoop en Elohim sal u werk raaksien en dit honderdvoudig aan u vergoed.

[8] Leen u geld nie uit aan diegene wat dit aan u met baie wins weer kan teruggee nie, maar leen dit aan egte armes en behoeftiges, dan sal u geld in die hemele teen hoë rente oploop en die Vader in die hemele sal u altyd u kapitaal en rente vir ewig uitbetaal!

[9] Ontvang ook nie te gretig lof, dank en prys van die wêreld vir jou goeie dade nie; want as u dit doen terwille van die wêreld, wat sal dan u loon in die hemele wees? Ek sê vir u: Wie op aarde vir `n goeie, aan arm broers bewese daad, die een of ander loon verlang of in watter vorm dan ook aanneem, **die kry geen loon in die hemele nie.**

[10] Wie vir die hemele werk, hy sal deur die hemele, sowel nou tydelik as eenmaal ewig, beloon word; wie egter vir die wêreld werk, hy sal van die wêreld wel `n smadelike en verganklike loon oes; maar in die hemele **sal hy sy inkomsteboek leeg vind** en sy loon sal verdwene wees en aan sy geestelike armoede sal baie moeilik `n einde kom!

[11] As u dit deeglik ter harte neem en daarvolgens optree, sal dit vir u ook spoedig duidelik word met watter middele Ek u siekes genees het. - Nou weet u alles wat u moet weet. Vra nie om meer nie, waaraan u niks sou hê as mens dit vir u sou sê nie.

[12] Sorg egter ook dat u oor My, My dade en My leerlinge nòg in Jerusalem en ewemin in die stad van Dawid iets vertel; want dit sal vir u geen seën bring nie!

[13] Maar nou kan u, nadat u u ontbyt geniet het, met `n geruste hart die terugweg weer aanpak!"

[14] Na My toespraak lyk die vyf wel ietwat verbouereerd, maar hulle waag dit tog nie om meer vrae te stel nie; hulle buig voor My en gaan dan na hulle eetsaal, en na die ontbyt pak hulle weer die pad na hulle eie land toe aan.